

In hierdie uitgawe:



Redaksioneel: Oktober - Hervormingsmaand



Teologiese erfenis en geloofsmylpale



Berigte: Predikante verjaar

Kuratorium

Ledekomitee

Hofsaak



Kennisgewings



REDAKSIONEEL

OKTOBER - HERVORMINGSMAAND

Jaarliks word 31 Oktober tradisioneel herdenk as Hervormingsdag. Op hierdie dag in 1517 het Martin Luther sy 95 Stellings vrygestel; volgens oorlewering aan die deur van die Slotkerk in Wittenberg vasgespyker. Dit was die vonk wat 'n beweging aan die brand gestee het waarvan die kern saamgevat is in die vyf sola's: *Sola Scriptura*, *Sola Fide*, *Sola Gratia*, *Solus Christus* en *Soli Deo Gloria*.

Die Hervorming van die sestiende eeu was nie bloot 'n historiese gebeurtenis nie, maar 'n terugkeer na die suiwer evangelie. Vandag is die vraag daarom nie of ons die geskiedenis ken nie, maar eerder of die kerk wat uit daardie herlewering gebore is, nog getrou aan dieselfde beginsels is. Vele kerke met wortels in die Hervorming is vandag amper onherkenbaar. Kompromisering met die gees van die tyd, verdraaiing van die Skrif, en 'n soeke na gewildheid en relevansie het die boodskap van die kruis verdof. Vir dekades was die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) 'n baken van teologiese behoudendheid en die geestelike tuiste van duisende Afrikaners wat vasgehou het aan die suiwer Woord (en belydenisskrifte). Die stormwinde van die moderne teologiese liberalisme en sekularisasie het egter nie die Hervormde Kerk verbygegaan nie.

In die konteks van die Afrikaanse kerklandskap dra Hervormingsmaand 'n hartseer maar hoopvolle betekenis. Dit herinner ons aan die pad wat tot die ontstaan van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes gelei het. Hervorming was nie 'n eenmalige aksie wat in geskiedenisboeke aangeteken is nie. Dit is 'n leefwyse wat in die meer onlangse verlede dan ook gelei het tot die wegbreek van gemeentes uit die NHKA. Toe die NHKA-sinode in die vroeë 2010's besluite geneem het wat deur baie lidmate en leraars beskou is as 'n afwyking van die tradisionele, Skriftuurlike fundamente, het 'n diep krisis ontstaan. Net soos Luther nie die kerk wou skeur nie, maar wou herstel, het ons as Steedshervormers met die [Staat van Belydenis](#) 'n oproep tot herondersoek aan die hand van die Skrif tot die NHKA gerig. Vir die behoudende individue in die kerk was die keuse duidelik: lojaliteit aan die instansie kon nie swaarder weeg as lojaliteit aan die ewige Waarheid nie. Uit hierdie keuse is die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes in 2013 gebore. Dit was nie 'n daad van moedswillige kerkskeuring nie, maar 'n daad van historiese kontinuïteit. Dit verteenwoordig die oortuiging dat die kerk nie met die tydgees moet konformeer om relevant te bly nie, dat die belydenisskrifte steeds vasstaan, en dat die Woord suiwer verkondig moet word.

Hervormingsmaand herinner ons in die Geloofsbond daaraan dat die kerk altyd moet hervorm. Die Latynse frase *ecclesia reformata, semper reformanda* (die kerk is hervorm en moet altyd hervorm word) word teruggetrek na 'n skrywe van die Nederlandse teoloog Van Lodenstein in 1674. Hiermee word nie bedoel dat die kerk voortdurend haar gevestigde geloofsbelydenisse of leerstellings moet verander om by die samelewing aan te pas nie. Die Latynse frase *reformanda* het 'n betekenis in die passiewe vorm, wat beteken dat God (deur sy Woord en die Heilige Gees) die kerk hervorm, en nie dat die kerk haarself na eie goeddunke verander nie. Dit is 'n oproep tot deurlopende bekering, nederigheid en meting van die kerk se gehoorsaamheid aan die Bybel.

Die aanslae van die wêreld is vandag net so uitdagend as vroeër, maar is nou verpak in mooi woorde en humanistiese ideale. Christus is vandag nie meer die kern van menige kerke nie. Die eksklusiwiteit van *solus Christus* word afgewater om aanstoot te vermy of in die gees van die tyd te bly. Die suiwer evangelie word vervang deur 'n boodskap van selfverwesenliking, morele verbetering of sosiale aanvaarding. Sondaars word nie meer geroep tot bekering en 'n heilige lewe nie, maar moet onvoorwaardelik aanvaar en verwelkom word.

Die Hervormers sou hierdie kerke nie herken nie. Hulle sou vra: Waar is die prediking van sonde, oordeel en genade alleen in Christus? Waar is die vrees vir God eerder as die vrees vir mense? Waar is die bereidheid om ongewild te wees ter wille van die waarheid?

Ons verantwoording is egter nie aan Luther, Calvyn of die ander Hervormers nie. Ons moet rekenskap gee aan Christus. Hy is die Een wat die kerke in Openbaring 2 en 3 ondersoek het. Hy is die Hoof van Sy kerk. Bewaar ons Sy evangelie suiwer, bly ons getrou aan Hom, volhard ons te midde van 'n ontaarde wêreld? Of maak ons kompromieë en versag ons die boodskap van die kruis?

Vir die behoudende Afrikaanse Christene is Hervormingsmaand daarom elke jaar 'n oproep om waaksaam te bly. Die behoud van ons teologiese erfenis, ons volksgeskiedenis, ons taal en veral ons geloofswortels is nie 'n vanselfsprekendheid nie. Sels in die Geloofsbond wat as een van die bakens

van die behoudende Protestantisme in Suid-Afrika staan, moet ons onself voortdurend afvra of ons denke en optrede Hervorming benodig. Dit vra dieselfde moed as wat Luther destyds getoon het om te sê: "Hier staan ek, ek kan nie anders nie. Mag God my help."

'n Gepaste herdenking van 31 Oktober is nie 'n blote terugblik nie, maar 'n geleentheid vir ernstige selfondersoek. Mag dit 'n tyd wees van berou oor kompromie en van 'n hernude toewyding om die evangelie suiwer te bewaar en te verkondig - tot eer van God alleen.

Soli Deo Gloria

Jaco de Ridder

TEOLOGIESE ERFENIS EN GELOOFSMYLPALE

17 Oktober 1925 – *Die Algemene Kerkvergadering (AKV) van die NHKA bekragtig 'n historiese besluit om Afrikaans (naas Nederlands) as amptelike taal in kerkdokumente toe te laat.*

22 Oktober 1685 – *Die Edik van Nantes wat tydelik geloofsvryheid aan Franse Protestante gegee het word deur Lodewyk XIV herroep. Die hernude vervolging wat daaruit voortspruit, het tot die vestiging van die Hugenate aan die Kaap gelei.*

22 Oktober 2011 – *Die 69ste Buitengewone AKV van die NHKA skrap Artikel 6 finaal. Dit is een van die sake wat aangespreek word in die Staat van Belydenis.*

28 Oktober 2001 – *Die Liedboek van die Kerk word op Hervormingsondag amptelik in Suid-Afrikaanse kerke in gebruik geneem.*

31 Oktober 1517 – *Martin Luther spyker sy 95 Stellings teen die deur van die Slotkerk in Wittenberg vas. Hierdie dag word jaarliks as Hervormingsdag gevier en merk die amptelike begin van die Protestantse Hervorming.*

BERIGTE

PREDIKANTE VERJAAR

Baie geluk aan die volgende Geloofsbond-predikante wat in Oktober verjaar:

Dr Hendrik Breytenbach (beroepafwagtend) -
2 Oktober

Ds Elmien Oosthuizen - 15 Oktober

Ds Johan Van Wyk (Wes-Rand) - 24 Oktober

KURATORIUM

Kobus van der Merwe het sy amp as predikant neergelê en bedank as lidmaat van die Geloofsbond.

LEDEKOMITEE

Die ledekomitee herinner gemeentes wat nog nie verslae ingedien het nie om onverwyld so te maak. Baie dankie vir gemeentes wat reeds gereageer het.

HOFSAAK

Die hofsaak is geskeduleer vir 9 tot 20 November 2026. Ons vra voorbidding dat reg sal geskied.

KENNISGEWINGS



Volkshulp 2000 is reeds in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk gestig en ontvang geen ander vaste inkomste van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A kortingsertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word.

Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor of per epos bestuur@volkshulp.org.za.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

U kan bruikbare goedere by die volgende afgee:

Volkshulp hoofkantoor

(Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria Tel: 012 755 8201)

Snuffels 1 Eastpark Sentrum

(Baviaanspoortweg Eastlynne Tel: 012 755 8185)

Snuffels 3 Magalies Gebou

(H/V Steve Biko en Booyens str Gezina Tel: 012 755 8187)

Snuffels 4 Prenor Gebou

(Gerrit Maritz str 589 Pretoria -Noord Tel: 012 755 8183)

ONS BENODIG DRINGEND ENIGE BRUIKBARE ITEMS, WAT HELP OM AAN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTE TE VOLDOEN.

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

www.volkshulp.org.za

Tel: 012 755 8201 • **Sel:** 082 682 7454

WhatsApp: 071 368 7989

Adres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

E-pos adres: bestuur@volkshulp.org.za